

KINDERWERKKAART

Lukas 10 : 38-42

OM BESIG TE WEES



OF OM BY JESUS TE WEES



OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Lukas 10 vers 38 tot 42** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Lê by jou kind vas dat ons altyd besig gaan wees, maar dat ons nie te besig moet wees vir Jesus nie
- Op een van Jesus se reise word Hy as gas ontvang deur 'n vrou, Martha.
- Martha het baie hard gewerk en alles vir Jesus reggesit en Hom bedien en seker gemaak dat al Sy behoeftes aan voldoen is
- Maria het nie haar suster gehelp nie. Sy het by Jesus se voete gesit en vir Hom geluister en by Hom geleer
- Martha het vies geraak vir haar suster wat haar nie wou help nie en het vir Jesus gevra om met Maria te berispe dat sy ook moet help om vir Jesus te bedien.
- Martha het nie tyd gehad om vir Jesus te luister en te leer nie, sy was so besig om seker te maak dat alles reg is dat sy nie tyd geneem het om te luister na Jesus en te leer van Hom nie.
- Ons maak ook baie so. Ons is so besig met die dinge van die Wêreld dat ons nie tyd maak en stil raak om Bybel te lees of om te leer van Jesus en Sy leringe nie
- Martha word toe die ene wat berispe word omdat sy so besig is met die wêreld se dinge dat sy haar geloof afgeskeep het en nie aandag gegee aan die leringe van Jesus nie
- Die les wat ons hieruit leer, is dat ons altyd balans moet handhaaf in ons lewens en dat ons moet tyd maak om Bybel te lees en te leer van Jesus en moet tyd maak vir katkisasie, kerk, kerkbyeenkomste, bybelstudie en bid en vir ons mede-lidmate. Ons moet moeite doen vir mekaar. Mekaar leer ken en ondersteun en so die woord van die Here uitdra by die mense naaste aan ons, en nie net altyd rondhardloop en mense bedien en gelukkig hou nie.
- Jesus het gesê dat Maria reg gekies het en dat wat sy gekies het ewigheids-waarde het. Dat haar geloof vir haar belangrik is en dat sy daarom groei in die geloof omdat sy kies om na Jesus te luister en nie net mense wil bedien en probeer gelukkig maak nie
- Kom ons kyk na ons prioriteite en kies vir Jesus. Kom ons maak tyd vir Bybel lees, vir bid. Kom ons gee om vir mense en ondersteun mekaar in die geloof. Die gemeenskap van die gelowiges is baie belangrik en ons moet dit van vroeg af leer.

- **Sing saam : PS 25**

Leer my Heer u regte weë

Wys die regte pad my aan

Maak my hart daartoe geneë

Om met lus daarop te gaan

Wil my deur U waarheid leer

Ly my dwalende gedagte

Want U is my heil o Heer

U is ek altyd te wagte

Werkkaart vir al die kinders.

Gesels lekker met jou kinders oor die onderwerp terwyl julle werk.

(Laat jou kind die antwoorde gee en bespreek die antwoorde en gee leiding oor wat die regte ding is om te doen en hoekom)

Verduidelik vir jou kind waarom is dit belangrik om tyd te maak vir Bybel lees. As ons harte reg is en ons het nie die kennis nie, hoe gaan ons reg kan kies.

1. Ek moet huiswerk doen op Sondagaand terwyl ek die hele naweek tyd gehad het om dit te doen of ek moet kerk toe gaan - wat gaan jy kies en hoekom.

2. Ek moet voorberei vir katkisasie maar wil eerder 'n fliek op die TV kyk. Wat gaan jy doen en hoekom.

3. Die Predikant en Ds. kom doen huisbesoek. Sit jy in jou kamer en luister musiek, of kom woon jy die huisbesoek by. Hoekom dink jy so.

4. Daar is 'n Jeuggroep aktiwiteit by die kerk of jy kan rustig by die huis bly en TV kyk. Wat kies jy en hoekom.

Aktiwiteit :

Vul die name in van jou die mense vir wie jy baie omgee en wie vir jou ook omgee.

Sê dit vir hulle na jy hulle name opgeskryf het en ook hoekom hulle vir jou belangrik is.

Jy kan die prentjie mooi versier en in jou kamer opplak.

DIE MENSE VIR WIE EK LIEF IS

HERDIE IS DIE MENSE AAN WIE EK SAAM DINK IN HERDIE TYD

